HOU MEER OOIE AAN DANKSY KRUIPVOEDING

Dr. Jasper Coetzee, Voermol Voere
(Tel no.: 021 – 887 9559; 0833 86 83 82; jasperco@iafrica.com**)**

Kan kruipvoeding die drakrag verhoog?

- Deur die voorsiening van kruipvoer aan lammers kan hulle vanaf 60 dae ouderdom vroeggespeen word, mits hulle minstens 25 kg weeg. Deur die lammers dan in 'n voerkraal af te rond, word weiding gespaar en gevolglik kan tot 20 % meer ooie aangehou word. Hierdeur kan vleisproduksie per hektaar verhoog word met 'n gevolglike hoër wins uit skaapboerdery.

Voordele van kruipvoeding

- Lammers kan tot 50 dae vroeër gespeen word omdat hulle tot 100 g/dag vinniger groei.
- Meer lammers kan direk van die ooie bemark word wat 'n hoër uitslagpersentasie (> 50 %) en dus groter wins tot gevolg het.
- As gevolg van vroeër speen herwin ooie gouer hulle liggaamsmassa en kondisie wat 'n hoër lampersentasie volgende lamseisoen verseker.
- Kruipvoeding verseker dat die ooie minder kondisie en massa gedurende vroeë laktasie verloor wat meer tweelinggeboortes in die daaropvolgende lamseisoen tot gevolg het.
- Lammers ervaar geen speenskok nie.
- Help om koksidiose te beheer.

Is kruipvoeding koste-doeltreffend?

- Kruipvoeding is die betalendste vorm van voeding. Goeie gehalte lammers vreet ongeveer 3.1 kg kruipvoer om 1 kg massa aan te sit wat 'n terugbetaling van bykans R3 realiseer vir elke R1 (pryse geldig op 17/03/11) aan kruipvoer gespandeer.

Kruipvoeding van sogende lammers

- Kruipvoeding van sogende lammers moet binne 7 tot 14 dae na geboorte 'n aanvang neem.
- Weens die hoë essensiële aminosuurbehoefte van groeiende lammers, moet hoë gehalte deurvloeiproteïenbronne teen hoë insluitingspeile in kruipvoerrantsoene ingesluit word. Gevolglik moet Afrondkorrels; Ooi- en Lamkorrels; Ramkorrels; Droogtekorrels of sjokoladegraan nie as 'n kruipvoer gebruik word nie weens hulle lae deurvloeiproteïeninhoud.
- 'n Hoë gehalte kruipvoer (550 kg fyngemaalde mielies + 150 kg Voermol SS 200 + 150 kg Voermol Procon + 40 kg Voermol Melassemeel) moet *ad lib*. aan sogende lammers gevoer word. Om die inname van die kruipvoer aan te moedig, kan 75 kg fyngemaalde lusern (± 10 mm) baie deeglik met die aanbevole kruipvoer gemeng word. In plaas van hierdie kruipvoermengsels kan Voermol Superlamkorrels (V17425) as 'n kruipkorrel gebruik word.

Wenke

- Lammers se groeitempo moet gemonitor word. Indien dit minder as 300 g/lam/dag is, moet seker gemaak word of die lammers voldoende kruipvoer inneem. Die gemiddelde kruipvoerinname varieer tussen 300 tot 350 g/lam/dag (De Villiers *et al.*, 2002). Die welslae van kruipvoeding hang daarvan af of die lammers voldoende kruipvoer vreet en

daarom moet kruipvoerinname ook voortdurend gemonitor word. Afhangend van die ouderdom waarop lammers gespeen word, varieer die totale kruipvoerinname van 25 tot 30 kg/lam (Brand *et al.*, 1999; De Villiers *et al.*, 2002).

- Om 'n goeie respons met kruipvoeding te verseker, moet daar voldoen vreetspasie wees. Indien daar onvoldoende vreetspasie is, sal 'n groot persentasie van die lammers nie kruipvoer vreet nie. Die aanbevole vreetspasie is 5 cm/lam (Alcock, 2006; Schoenian, 2007) met die absolute minimum van 2.5 cm/lam. Mates en foto's van kruiphokke is op aanvraag beskikbaar.

Indien meer inligting oor kruipvoeding verlang word, raadpleeg u naaste Voermol Agent of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za

Kruipvoeding is ononderhandelbaar, dit is 'n moet vir winsgewende kommersiële skaapboerdery!!!!